

*Steek érens in jou woonplek 'n hers aan terwyl jy lees.*

Tema: Op pad na jou hart en bedekte betekenisse

Skriflesing: Lukas 19:29-44

**Broodjies vir die pad**

The entrance into Jerusalem has all the elements of the theatre of the absurd: the poor king; truth comes riding on a donkey; symbolic actions - even parading without a permit!

— David Edward Kirk

"Creating a life that reflects your values and satisfies your soul is a rare achievement. In a culture that relentlessly promotes avarice and excess as the good life, a person happy doing his own work is usually considered an eccentric, if not a subversive. Ambition is only understood if it's to rise to the top of some imaginary ladder of success. Someone who takes an undemanding job because it affords him the time to pursue other interests and activities is considered a flake. A person who abandons a career in order to stay home and raise children is considered not to be living up to his potential — as if a job title and salary are the sole measure of human worth.

You'll be told in a hundred ways, some subtle and some not, to keep climbing, and never be satisfied with where you are, who you are, and what you're doing. There are a million ways to sell yourself out, and I guarantee you'll hear about them."

To invent your own life's meaning is not easy, but it's still allowed, and I think you'll be happier for the trouble."

— Bill Watterson

"How is faith to endure, O God, when you allow all this scraping and tearing on us? You have allowed rivers of blood to flow, mountains of suffering to pile up, sobs to become humanity's song--all without lifting a finger that we could see. You have allowed bonds of love beyond number to be painfully snapped. If you have not abandoned us, explain yourself.

We strain to hear. But instead of hearing an answer we catch sight of God himself scraped and torn. Through our tears we see the tears of God."

— Nicholas Wolterstorff, Lament for a Son

"The point is not that Jesus was a good guy who accepted everybody, and thus we should do the same (though that would be good). Rather, his teachings and behavior reflect an alternative social vision. Jesus was not talking about how to be good and how to behave within the framework of a domination system. He was a critic of the domination system itself."

— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

## 1. The Road Not Taken

TWO roads diverged in a yellow wood,  
And sorry I could not travel both  
And be one traveler, long I stood  
And looked down one as far as I could  
To where it bent in the undergrowth; 5  
  
Then took the other, as just as fair,  
And having perhaps the better claim,  
Because it was grassy and wanted wear;  
Though as for that the passing there  
Had worn them really about the same, 10  
  
And both that morning equally lay  
In leaves no step had trodden black.  
Oh, I kept the first for another day!  
Yet knowing how way leads on to way,  
I doubted if I should ever come back. 15  
  
I shall be telling this with a sigh  
Somewhere ages and ages hence:  
Two roads diverged in a wood, and I—  
I took the one less traveled by,  
And that has made all the difference. 20"

— Robert Frost Ph.D., The Road Not Taken and Other Poems

"Try and penetrate with our limited means the secrets of nature and you will find that, behind all the discernible laws and connections, there remains something subtle, intangible and inexplicable. Veneration for this force beyond anything that we can comprehend is my religion. To that extent I am, in fact, religious."

— Albert Einstein

"We need people in our lives with whom we can be as open as possible. To have real conversations with people may seem like such a simple, obvious suggestion, but it involves courage and risk."

— Thomas Moore, Care of the Soul: A Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

"That Christian faith is about belief is a rather odd notion, when you think about it. It suggests that what God really cares about is the beliefs in our heads—as if "believing the right things" is what God is most looking for, as if having "correct beliefs" is what will save us. And if you have "incorrect beliefs," you may be in trouble. It's remarkable to think that God cares so much about "beliefs." Moreover, when you think about it, faith as belief is relatively impotent, relatively powerless. You can believe all

the right things and still be in bondage. You can believe all the right things and still be miserable. You can believe all the right things and still be relatively unchanged. Believing a set of claims to be true has very little transforming power.”

— Marcus J. Borg, *The Heart of Christianity: Rediscovering a Life of Faith*

## Kerk se gewete staan in 'n tuin in Stellenbosch

*Wilhelm Jordaan*

Dr. Leslie van Rooi, die Universiteit Stellenbosch se senior direkteur van sosiale impak en transformasie, se rubriek op Netwerk24 dat die NG Kerk veel te leer het by “Pienk Piet” (die spotnaam vir 'n standbeeld van die teoloog prof. Johannes du Plessis, 1868-1935), oor hoe geloof verruim kan word, verdien verdere toelighting.

In 1931 is Du Plessis van die Stellenbosse Kweekskool sinodaal skuldig bevind aan “onregsinnigheid” ('n sagte woord vir kettery). Hy het 'n letterlike verstaan van byvoorbeeld die skeppingsverhaal en dié oor Adam en Eva en oor Jona teengetaan en op ander moontlikhede gewys.

Hoewel die hofbeslissing in sy guns was, is Du Plessis in 1932 deur die NG Kerk ontslaan. Toe hy in 1935 oorlede is, is hy in Stellenbosch teen Papegaaiberg begrawe en vriende het 'n standbeeld van rooskleurige marmer vir hom opgerig.

In die beeld is hy geklee in 'n toga, met 'n Bybel oop in sy hand.

Dié beeld het 'n bietjie in die dorp “rondgeswerf” en later staanplek gekry in die Sasol-kunsmuseum. In 2006 het die beeld “tot rus” gekom in die tuin by die Kweekskool se ingang.

Van Rooi se opmerking het te doen daarmee dat die kerksaak teen Du Plessis 'n demper geplaas het op die onderrig en prediking van omvattender Bybeltekstvertolkings. Dosente aan theologiese fakulteite en predikante het ná die saak dit nie gewaag om in lesings en in preke eksegetiese vernuwing te opper nie.

Só het 'n eksegetiese “vakuum” ontstaan. Dit is eers in die vroeë 1970's effens opgehef toe die hermeneutiese theologiese praktyk waarop Du Plessis se standpunt berus het, erkenning begin kry het – naamlik om Bybeltekste ruimer te verstaan in tydgenootlike lewenskontekste.

Om dié praktyk se vertolkingskrag te illustreer het 'n veelbeduidende anekdote oor die Du Plessis-saak ontstaan. Een van die regters het glo aan Du Plessis gevra: “Professor, maar sê my nou, het die slang met Eva gepraat of nie?”

Hierop was Du Plessis se veelseggende antwoord: “Edelbare, die vraag is nie of die slang gepraat het nie, maar wat het die slang gesê?”

Tradisie sê die slang hét gepraat, want die Bybel (God se Woord) sê so. Vernuwende eksegese vra watter betekenis(se) het die oorspronklike teks as ons aanneem slange praat nie. Wat “sê” die tekste vandag vir gelowige mense.

Die NG Kerk het meer onlangs sinodaal besluit “om die weg van openhartige kritiese debat oor geloofsake te volg”. Luister 'n mens egter na die uitmergelende sinodale debatte oor goed soos selfdegeslagverhoudings, gay predikante, rusies in kerklike kringe, die geskinder en beswaddering, die praatjies oor en redes vir afstigting en dolering, dan roep, nee, smeek, die besluit oor kritiese debat om werklik waar gemaak te word.

Juis daarom, miskien, het Johannes du Plessis se standbeeld nie by die Kweekskool “tot rus” gekom nie. Hy staan daar,

kiertsregop en waaksam, met 'n oop Bybel in die hand – die kerk se gewete om steeds geloof te vernuwe met behoud van respek vir tradisionele geloofsuitings.

\**Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/kerk-se-gewete-staan-in-n-tuin-in-stellenbosch-20220405>

## Brood vir die pad

### Só kan NG Kerk by Plenk Piet leer

*Leslie van Rooi*

Dr. Frits Gaum, oudredakteur van *Kerkbode*, en ander het oor die jare reeds daarop gewys dat die NG Kerk versigtig daarvoor moet wees om nie die foute van die verlede te herhaal nie. In hierdie verband herinner Gaum en ander ons aan die kerk- en theologiese stryd oor prof. Johannes du Plessis. Sy standbeeld, wat as "Pienk Piet" bekend staan, waak oor die ingang tot die tuin van die Kweekskool in Stellenbosch. Hy het geleef vanaf 1868 tot 1935.

Ek meen dat dit nou selfs van nóg groter waarde is om te besin oor die lesse wat ons geleer het tydens die Du Plessis-kerksaak, wat 'n groot impak op die teologie van veral die NG Kerk gehad het. Maar hoekom is dit juis nou nog belangriker om oor hierdie lesse te besin?

Dit is opvallend dat die debat oor die interpretasie van die Skrif, wat reeds jare gelede begin het – veral oor die debat oor gay-wees in die kerk – nou aansienlik verder uitgebred is. Dit blyk nou te handel oor Skrif-interpretasie in die algemeen. Die dreigende gevolg is (weer) die moontlikheid van skeuring in die geledere van die NG Kerk.

Dit sluit op 'n ander noot aan by 'n vraag waarmee daar oor die eue geworstel is: Hoe interpreteer mense (let wel nie hemelwesens nie) die Bybel?

En, natuurlik bied hierdie “nuwe denkskool” ook 'n antwoord. Dis 'n antwoord wat ons weer neem na 'n letterlike, byna buite-historiese interpretasie van 'n heilige boek wat gelyk ver verwyderd is van ons leefwêreld, maar ook nader aan ons is as wat ons soms (wil) dink.

### 3 lesse

Gegewe die jongste ontwikkelinge in die debat oor die interpretasie van die Skrif is daar nou selfs ook vrae oor theologiese opleiding aan sekere universiteite en of die theologiese beoefening by hierdie fakulteite nie dalk te liberaal is nie. Dit hang saam met 'n wyer en al hoe meer algemene gesprek hier en elders oor liberalisme en *wokeness* aan die een kant, en behoudendheid en konserwatisme aan die ander kant – nou ook in die geledere van die kerk.

Dit speel uit in algemene gesprekke en debatte op verskillende vlakke in die samelewing wat heel gereeld tentakels in 'n spesifieke interpretasie van die Bybel het.

En, in die leefwêreld van die gelowige tree dit dan weer in gesprek met geloof, identiteit en hoe dit in die wêrelde van die Skrif geïnterpreteer kan word en moet word.

Juis omdat hierdie debat nie 'n nuwe debat is nie, en omdat soortgelyke debatte sikkies van aard was of is, is dit waardevol om lesse uit die geskiedenis te leer. En huis daarom is 'n herlees van die kerksaak teen Du Plessis belangrik.

Ek is van mening dat daar veral drie lesse in hierdie verband is.

## Gebrandmerk as ketter

Die eerste les gaan oor die interpretasie van die Skrif. Du Plessis het 'n nuwe denkskool bekend gestel wat gehelp het dat daar histories-krities met die Skrif omgegaan word. Dit het aanklank gevind by vele, maar het uiteindelik daartoe geleid dat Du Plessis en sy sienings onder verdenking gekom het juis omdat daar allerhande vrae ontstaan het oor waar Bybeltekste vandaan kom, wie dit saamgestel het en hoe ons dit mag en nie mag interpreteer nie.

Die tekskritiese interpretasie wou ons help om te verstaan dat die teks nie sonder konteks gelees en geïnterpreteer kan word nie. En dit het veral kritiek ontlok onder diogene wat tevrede was met 'n meestal letterlike interpretasie van die Bybel. Dit was 'n Bybel wat toe ook gebruik moes word om antwoorde te bied op die sosiaal-politiese vraagstukke van die Suid-Afrika van toe. Dit is dalk juis omdat Du Plessis ander antwoorde op hierdie vraagstukke gehad het, dat hy met agterdog bejën is.

Die pynlikste aspek van hierdie tydperk is waarskynlik die verpersoonliking van die debat – wat daartoe geleid het dat Du Plessis as 'n ketter gebrandmerk is. Dit het verdagmaking, verwerping en selfs verguisig tot gevolg gehad. En dit in 'n era voordat ons 'n groter begrip gehad het van die media (en veral die sosiale media) soos ons dit vandag ken. Die plek vir andersheid en alternatiewe denke het minder geword en daar is begin om die teologie te misbruik vir ander doeleinades.

Dink maar aan hoe hierdie debatte vandag nog uitspeel.

## Só verruim jy geloof

Dit alles het aanleiding gegee tot 'n nuwe denkskool in die hoofstroom-teologie van veral die 1920's tot 1980's in die konteks van veral die NG Kerk. Die interpretasie van die Skrif om sosiaal-politiese vraagstukke te beantwoord was 'n direkte gevolg hiervan. Kritiek en andersheid is beveg en vir 'n kritiese lees van die Bybel was daar nie meer plek nie. Buite konteks en soms buite die geskiedenis het hierdie denkkraamwerk daartoe geleid dat die NG Kerk besluite geneem en help neem het waaraan hy vandag steeds swaar dra.

In my kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGK), is daar soms soortgelyke debatte. Maar die konteks van dié kerk is meestal anders as dié van die NG Kerk en daarom is daar ook velerlei ander vrae, gesprekke en debatte. Maar die lesse van Du Plessis se lewe en wat rondom hom ontvou het, is ook belangrik vir die VGK.

Gegewe al dié vrae is dit tog ook waardevol om te vra wat nou juis die impak moet wees van theologiese opleiding aan 'n universiteit. Ek is van mening dat dit jou behoort toe te rus met die vaardighede om krities-wetenskaplik te kan omgaan met teks en konteks.

Dit moet jou in staat stel om die regte vrae te vra, primêre bronne te gebruik as deel van jou ondersoek, om selfondersoek te doen en om ander te help om die Skrif te interpreteer.

Dit is byna altyd kontekstueel, maar vereis ook dat jy meer as een konteks moet kan verstaan en beliggaam. Dit moet die leefwêreld van geloof verruim en nie vereng nie. Dit moet jou bevry en moet jou help om meer te word as wat jy is. Om dit te verskraal, is om ons terug te neem na 'n era van verwerping, grense, vrese en bygelowe. Na 'n wêreld waar jou waarde met ander meetsnoere gemeet word.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/so-kan-ng-kerk-by-pienk-piet-leer-20220330>